

Benut herstelperiode van ekonomie

Anita Morkel

Na verwagting sal die herstelperiode van die huidige resessie nog ongeveer ses jaar duur, maar dit sal ook geleenthede vir besighede daarstel om hulle beplanning vir die volgende groeifase agtermekeer te kry. Dié inligting is vandeeweek deur dr. Antonie Kotzé, finansiële chaosanalisis aan die Pretoriase Sakekamer meegedeel.

Verskillende soorte herstelperiodes is ook deur hom getipeer as syde: 'n U-, V- of L-herstel. Tans is ons in 'n L-herstelperiode, aangesien die lyn wat op 'n grafiek getrek kan word, in die vorm van 'n L is. Dr. Kotzé het daarop gewys dat die Bank van Engeland, wat reeds 300 jaar bestaan, se rentekoerse tans die laagste ooit is. Na aanleiding hiervan het hy gevra: hoekom? Weet hulle iets wat ons nie weet nie? Die totale insinking in byvoorbeeld die vervaardigingsbedryf en afleggings het plaaslike en internasionaal on-

gekende vlakke bereik.

Rentekoersverlagings hang egter ook saam met die vrees dat dieselfde proses as in Japan hom elders sal herhaal, waar daar sedert die 1990's 'n nul inflasiekoers is. Japan kon die afgelope twintig jaar hierdie deflasie nie afskud nie, en kon nou nog nie daarin slaag om groei daadwerklik aan te moedig nie.

Dr. Kotzé het met behulp van grafieke aan lede van die Sakekamer (wat by die Oranje Sake Instituut geaffilieer is) aangetoon wat die stand van sake is ten opsigte van onder meer Suid-Afrika se rentekoerse, en skuldvlakke teenoor bestebare inkomste, die aandeelbeursindekse en geld-eenhede – plaaslik en internasionaal, die plaaslike betalingsbalans asook olie- goud- en platinumpryse. Hoewel die tydperke wissel waartydens hierdie onderskeie grafieke opgetrek is, toon dr. Kotzé telkens duidelik aan dat die sogenaamde "partytjie", oftewel die tydperk waarin markte buite verhouding styg, nie onbepaald kan voort-

duur nie, en siklies lei tot herstelperiodes. Die val in Amerikaanse en Australiese aandeelbeurse toon byvoorbeeld dieselfde tendens as die Suid-Afrikaanse JSE, en bewys dat die wêreld ekonomie ons inderdaad wêl raak, al was daar plaaslik bewerings wat tot die teendeel gemaak is toe die resessie wêreldwyd begin toeslaan het. Trouens, sowat 50% van die JSE word vanuit Londen hanteer.

Australië het 'n baie stabiele geldeenheid, wat vooruitbeplanning natuurlik heelwat vergemaklik. In vergelyking hiermee toon 'n grafiese voorstelling dat die Suid-Afrikaanse geldeenheid glad nie stabiel is nie. Die grafiek omtrent goudpryse toon dat dié kommoditeit inderdaad beskou word as 'n preservering van bates aangesien goudpryse nou sy hoogste vlak bereik het.

Suid-Afrika se betalingsbalans (invlere gestel teen die hoeveelheid uitvoere) het veral die afgelope vyf jaar skerp gedaal. Tans is daar 'n sowat 7% tekort op ons handelsbalans. Huishoudelike skuldvlakke het plaas-



Dr. Antonie Kotzé

lik ook kommerwekkend gestyg. Verskeie kapitaalprojekte is veronderstel om Suid-Afrika se ekonomie aan te vuur tydens die resessie. Een hiervan is byvoorbeeld dié van Eskom, wat baie ambisieuse planne het om sy kragvoorsieningskapasiteit aansienlik uit te brei, nadat instandhouding, opgradering en uitbreiding

vir jare nagelaat is. Nog 'n interessante aspek waarop dr. Kotzé gewys het, is dat die staat sowat 40% van die ekonomie in Suid-Afrika besit.

Die Pretoriase Sakekamer sal tydens sy volgende byeenkoms op 12 Mei deur Ronelle van Vuuren toegesprek word oor bemarking.